

## **DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG, 1994-2004(2): 'N DEKADE VAN INGRYPENDE UITDAGINGS**

**André Wessels<sup>1</sup>**

### **Summary**

*In this, the second of two articles that deal with the history of the South African National Defence Force in the first ten years of its existence (1994 to 2004), the track record of the SANDF is critically analysed in an effort to find answers to questions like How successful has the SANDF been? What problems had to be overcome? To what extent have the challenges been met? In the course of the article reference is, inter alia, made to allegations of racism, problems with regard to discipline, the impact that HIV/AIDS has on the SANDF, rationalisation, the controversial arms deal, and the role played by the SANDF in peace-keeping operations (including its involvement in Lesotho, 1998-2000).*

---

### **1. INLEIDING**

In die vorige artikel<sup>2</sup> is die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) se slagorde in 1994 met die slagorde in 2004 vergelyk en geëvalueer, en is vervolgens 'n kritiese oorsig van die transformasieproses in die SANW in die jare 1994 tot 2004 gegee. Voortbouend op wat in die eerste artikel gesê is, word in hierdie studie (die tweede van twee artikels) gelet op van die ander ingrypende uitdagings waarvoor die SANW in 1994 tot 2004 te staan gekom het. Watter probleme, suksesse en terugslae was daar in die eerste tien jaar van die bestaan van die SANW? Deur 'n kritiese oorsig van die geskiedenis van die SANW in die periode April 1994 tot April 2004 te gee, sal gepoog word om antwoorde op hierdie en ander vrae te verskaf. In die loop van die diskoers sal onder meer gelet word op beweringe van rassisme, probleme ten opsigte van dissipline, die impak wat MIV/VIGS op die Weermag het, die rasionalisasieproses, die omstrede wapenpakket, en die rol van die SANW in vredesmagoperasies (insluitende die betrokkenheid in Lesotho, 1998-2000).

---

<sup>1</sup> Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

<sup>2</sup> Kyk A Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, 1994-2004(1): slagorde en transformasie", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 28(3), Desember 2004, pp. 168-83.

Die transformasieproses waardeur die SANW in die jare 1994 tot 2004 beweeg het, met die gepaardgaande integrasie en "regstellende aksie" (sake wat in die vorige artikel bespreek is), het uiteraard 'n hele reeks nuwe uitdagings/probleme in die SANW na vore gebring, byvoorbeeld 'n topswaar organisasie, rassisme wat van tyd tot tyd kop uitgesteek het, 'n verskeidenheid dissiplinêre probleme, en uiteindelik ook rasionalisasie en die besorgdheid in verband met die veroudering van toerusting. Hierdie en ander sake wat vir begrip vir die ontwikkeling van die SANW in die eerste dekade van sy bestaan belangrik is, word vervolgens kortliks bespreek. (Wanneer daar kruisverwysings na "die vorige artikel" is, word uiteraard na die eerste deel van hierdie studie verwys - kyk weer voetnoot 2. Let verder daarop dat die volgorde waarin die uitdagings bespreek word, nie 'n rangorde van belangrikheid aandui nie, maar 'n poging is om min of meer 'n logiese - hoewel nie chronologiese nie - opeenvolging van gebeure aan te dui.) Wat nou volg, is slegs 'n samevattende oorsig van 'n aantal uitstaande kwessies in verband met die SANW se geskiedenis vanaf April 1994 tot April 2004, in die hoop dat dit die debat sal stimuleer. Daar word dus geensins op volledigheid aanspraak gemaak nie.

## 2. 'N TOPSWAAR WEERMAG?

Die skep van nuwe poste, opgradering van poste en aanstel van 'n groot getal persone in generaalsposte (dit wil sê in die poste van brigadier-generaal en hoër in die SA Leër en Suid-Afrikaanse Lugmag, SALM, en skout-admiraal (junior graad) in die Suid-Afrikaanse Vloot, SAV) is tegelyk deel van en gevolg van integrasie, "regstellende aksie" en transformasie - maar dit laat die SANW topswaar. Toe die SAW en ander weermagte en militêre eenhede tot een nuwe SANW saamgesmelt het, is 'n hele aantal nuwe generaals tot die SANW toegevoeg. (Ideaal gesproke moes amalgamasie op rasionalisasie gevolg het en nie andersom nie.) Talle ouer generaals het 'n geruime tyd met spesiale tuisverlof gewag vir 'n nuwe (en gunstige) pensioenskema om (eers in 2004) in werking te tree. Nieteenstaande personeel-rasionalisasie (kyk onderafdeling 6, **infra**, vir meer inligting, asook weer onderafdeling 2 van die vorige artikel) het die SANW reeds in Februarie 2002 nie minder nie as 206 persone in generaalsposte gehad (teenoor 193 die vorige jaar); dit wil sê 'n generaal vir elke 292 weermagslede. Daarteenoor het die Amerikaanse leër een generaal vir ongeveer 1600 soldate en die Sweedse weermag een generaal vir ongeveer 18 000 personeel. Om sake te vererger is in November 2003 aangekondig dat nog 19 persone in generaalsposte aangestel sou word (vier in die SA Leër, 11 in die SALM en vier in die SAV), en dat vier addisionele militêre attaché-poste tot die vlak van brigadier-generaal opgegradeer sou word. Indien die generaalsposte in die SANW met die helfte besnoei word, sal die Weermag blykbaar tot soveel as

R1 miljard per jaar kan bespaar - geld wat met groot vrug in die bedryfsbegroting aangewend kan word.<sup>3</sup>

Op die vooraand van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het die destydse Transvaalse en Vrystaatse republieke 'n totaal van ongeveer 35 000 burgers op hul grense ontplooi.<sup>4</sup> Volgens die Engelse skrywer, Rayne Kruger, het die Boere aanvanklik nie bloot 35 000 burgers in die veld gestoot nie, maar 35 000 generaals<sup>5</sup> - verwysende na die feit dat, anders as die gemiddelde Britse soldaat, elke Boer selfstandig besluite kon neem in 'n gevegsituasie. (Met verloop van tyd was die gebrek aan dissipline egter een van die redes vir die Boere se terugslae.) In 'n moderne weermag word veel van elke lid verwag en is goeie professionele leiding ook noodsaaklik. Maar die inflasie van generaalsrange<sup>6</sup> in die SANW die afgelope tien jaar het die Weermag baie geld gekos wat meer produktief (ook binne die Weermag) aangewend kon word en het in 'n sekere sin tot die devaluasie van range gelei. Slegs die heel beste offisiere behoort tot die generaalsrang bevorder te word en kunsmatige bevorderings of die skep van nog poste behoort nie gebruik te word om verteenwoordigheid te bevorder nie. Bowendien: kundigheid kan nie kunsmatig geskep word nie - dit kan slegs deur middel van (soms jarelange) toege- wyde werk en studie verwerf word.

### 3. RASSISME?

Aangesien sogenaamde "regstellende aksie", veral wanneer dit nie met groot omsigtigheid hanteer word nie, die kiem van rassisme bevat, is dit te begrype dat hierdie euwel ook in die SANW na vore sou tree. Hou ook in gedagte dat die SANW saamgestel is uit elemente wat in sommige gevalle vir meer as 30 jaar lank mekaar beveg het en dat ras in die apartheidsstaat 'n bepalende faktor was. Die SANW was van meet af aan baie sensitief vir die gevare wat rassisme vir die organisasie kan inhou,<sup>7</sup> en dit was duidelik dat daar ook met groot omsigtigheid gehandel moes word met die kwessie van etnisiteit (dus ook met verskille binne die geleedere van byvoorbeeld swart mense). Gelyke (regverdige) rasseverteenvoording impliseer nie noodwendig gelyke (regverdige) etniese verteenwoordiging nie. Wanneer hierdie sake verkeerd hanteer word, kan dit ook die legitimiteit van

<sup>3</sup> J Kane-Berman (hoofred.), *South Africa survey 2002/2003* (Johannesburg, 2003), p. 456; *Volksblad*, 17 November 2003, p. 1. Kyk ook bv. "Too many generals in national defence force", *Southern Africa Report* 21(48), 28 November 2003, pp. 6-7.

<sup>4</sup> A Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: 'n oorsig van die militêre verloop van die stryd* (Bloemfontein, 1991), pp. 5-6.

<sup>5</sup> R Kruger, *Good-bye Dolly Gray: a history of the Boer War* (Londen, 1959), p. 63.

<sup>6</sup> Kyk bv. CH Bennett, "Bureaucracy and state savings: too many rules and regulations", *African Armed Forces Journal*, Junie 1998, pp. 8-10 en CH Bennett, "Bureaucracy and state savings: rank inflation continues", *African Armed Forces Journal*, Julie 1998, pp. 8-10.

<sup>7</sup> Kyk bv. A Masondo, "Racism: a problem to be solved", *Salut* 4(3), Maart 1997, pp. 28-9.

die Weermag aantas.<sup>8</sup> Etnisiteit (plurale identiteit) is 'n feit in die Republiek van Suid-Afrika (RSA), soos ook in die SANW. Dit kan nie weggedeneer word nie, maar moet (positief) bestuur word. Alles in ag genome was die SANW besonder suksesvol om etniese/kulturele diversiteit te bestuur as deel van die transformasieproses. (Kyk onderafdeling 4, **infra**, vir 'n bespreking van skietvoorvalle wat rasse-ondertone gehad het, maar primêr met 'n gebrek aan dissipline verband hou.)

Die uiteenlopende groepe wat in die SANW geïntegreer is, het elk oor 'n eie militêre (en ander) kultuur beskik - soms ook met uiteenlopende sienswyses omtrent wat militêre dissipline (en dissipline in die algemeen) behels. Geen weermag kan egter suksesvol bestuur en ontplooi word indien dié weermag se lede nie gedissiplineerd is en hulle hul dus ook aan dissipline (insluitende bevel) onderwerp nie.<sup>9</sup> Vervolgens dus enkele opmerkings in verband met dissipline of die gebrek aan dissipline in die SANW in die periode 1994 tot 2004.

#### 4. 'N GEBREK AAN DISSIPLINE?

Voorvalle waar offisiere, wat kursusse geloop het, oneerlik was ten opsigte van eksamens of werkopdragte, is al gerapporteer.<sup>10</sup> Geen weermag kan sulke optrede duld nie, maar die vraag kan ook gevra word of sulke insidente dalk vermy kon gewees het deur kandidate beter vir kursusse te keur en te verseker dat diegene wat gekeur word 'n redelike kans staan om suksesvol te wees. "Regstellende aksie" kan inderdaad diegene wat sogenaamd bevoordeel word, in 'n groot verleentheid plaas en, in 'n desperate poging om aan standaarde en verwagtinge te voldoen, in die versoeking stel om oneerlik te wees. Wanneer persone wat streng gesproke nie 'n kursus geslaag het nie, se punte aangepas word om hulle 'n slaagpunt te laat verwerf,<sup>11</sup> word standaarde gekompromitteer en hou dit ernstige negatiewe implikasies in vir die instandhouding en aanwending van wapentuig - soveel te meer wanneer nuwe en hoogs gesofistikeerde wapentuig aangeskaf word (kyk ook onderafdeling 7, **infra**).

'n Land se weermag is tot 'n groot mate 'n mikrokosmos en weerspieëling van daardie land se samelewing. Wanneer die Suid-Afrikaanse samelewing deur misdaad geteister word, is dit dus nie vreemd nie (hoewel steeds geensins verskoonbaar nie) dat 'n misdaad soos diefstal ook in die SANW sal voorkom. Aangesien die steel van

<sup>8</sup> Kyk bv. MB Khanyile, "The ethnic factor in the SA National Defence Force: recruitment strategies revisited", **Politeia** 16(1), 1997, pp. 78-96.

<sup>9</sup> Kyk bv. JJ Jacobs, "The consequences of poor discipline" (1 en 2), **SA Soldier** 8(6), Oktober 2001, pp. 28-9 en 8(7), November 2001, pp. 28-30; E Klopper, "Disciplined soldiers are required", **Salut** 7(12), Desember 2000, p. 28.

<sup>10</sup> Kyk bv. **Die Volksblad**, 18 Januarie 2000, p. 5.

<sup>11</sup> Kyk bv. **Volksblad**, 9 Januarie 2002, p. 4.

wapens en ammunisie vanselfsprekend in 'n militêre milieu hoog op die agenda van die Weermag is, en hierdie gesteelde items weer buite die Weermag in geweldsmisdade gebruik kan word, is misdaad in die Weermag 'n bron van besondere kommer - nie slegs vir die Weermagsowerhede nie, maar ook vir die algemene publiek.

Diefstal het ook in die ou SAW plaasgevind, maar die toename daarvan in die SANW is 'n bron van besondere kommer. Slegs enkele voorbeelde word genoem. Op 17 en/of 18 Mei 1998 is by 44 Valskermbrigade te Tempe, Bloemfontein, ingebreek en het persone met "regse" politieke oortuigings naas 'n Samil-vragmotor, onder meer ook 93 R4- en R5-gewere, 'n aantal 60 mm-mortiere en 12,7 mm-masjiengewere gesteel. Na 'n dag of twee is die uitgebrande vragmotor buite Bloemfontein gevind. Kort daarna, op 31 Mei 1998, het sowat 180 000 rondtes kleingeweer-ammunisie spoorloos tussen die De Brug-oefenterrein en Ladybrand verdwyn. 'n Raad van ondersoek het onder meer bevind dat dissipline en beheer nie oral in die Tempe-basis goed was nie.<sup>12</sup> Aan die begin van April 2000 is berig dat in die loop van die voorafgaande sewe maande sowat R7 miljoen se militêre toerusting en voorrade by talle basisse gesteel is, insluitende gewere, pistole, mediese voorraad - en selfs 'n FT5-vuurpyl.<sup>13</sup>

Die ergste misdadvoorvalle die afgelope tien jaar in die SANW het met noodlottige skietvoorvalle te make gehad. Gelukkig was daar slegs drie sulke gevalle, maar die negatiewe publisiteit wat dit sowel plaaslik as in die buiteland ontlok het, was uiters nadelig vir die Weermag. Op 16 September 1999 het 'n swart luitenant ses blanke uniformpersoneellede en 'n blanke dame in diens van die Weermag by 1 SA Infanteriebataljon in Bloemfontein doodgeskiet, waarna hy selfmoord gepleeg het. 'n Ministeriële komitee van ondersoek (die Setai-komitee) is aangestel om die tragiese gebeure te ondersoek en het bevind dat transformasie in die SANW oor die algemeen vlot verloop en dat hoewel rassisme steeds in die Weermag voorkom, dit tot geïsoleerde insidente beperk is.<sup>14</sup> Intussen, op 10 Julie 2000, het 'n swart luitenant sy blanke kompaniebevelvoerder by 7 SA Infanteriebataljon te Phalaborwa doodgeskiet en op 19 September 2000 het 'n jong swart seeman 'n blanke onder-

<sup>12</sup> **The Star & SA Times** (Londen), 20 Mei 1998, p. 1; **Die Volksblad**, 3 Junie 1998, pp. 1-2 en 4 Junie 1998, p. 9.

<sup>13</sup> **The Mercury**, 5 April 2000, p. 3; **Die Volksblad**, 8 April 2000, p. 7.

<sup>14</sup> **Die Volksblad**, 17 September 1999, pp. 1-3, 18 September 1999, pp. 1, 3-4, 6 en 19 September 2000, p. 1; **Rapport**, 26 September 1999, p. 8; "Joint Standing Committee on Defence, 9 April 2003. Department response to Setai Commission report: briefing", <<http://www.pmg.org.za/docs/2003/viewminute/php?id=2682>>, 12 Augustus 2004; "Ministerial inquiry submits its interim report", **Salut** 7(11), November 2000, pp. 5-6; "Interim report: ministerial committee of inquiry. Is discipline at the root of the problem?", **African Armed Forces Journal**, November 2000, p. 19.

luitenant aan boord van die mynveër SAS **East London** in Simonstad doodgeskiet, waarna hy homself geskiet het en later oorlede is.<sup>15</sup>

## 5. MIV/VIGS

Met die politieke omwenteling van 1994 was MIV/VIGS reeds 'n ernstige probleem in Suid-Afrika, maar te midde van die euforie wat met politieke bevryding saamgehang het, is dié probleem gerieflikheidshalwe op die agtergrond geskuif – en geruime tyd daarna was baie rolspelers steeds in 'n staat van ontkenning.<sup>16</sup> Aangesien 'n land se weermag 'n mikrokosmos van die bevolking as geheel is, is dit te begrype dat die gesondheidsvlak van die samelewing (of: vlak van gebrek aan gesondheid; vlak van infeksies, byvoorbeeld ten opsigte van MIV/VIGS) ook in die Weermag gereflekteer sal word. Presies hoeveel SANW-lede MIV positief is, is onduidelik: die amptelike syfer is 23% (2004), maar onafhanklike navorsers het die persentasie al tot so hoog as 40% beraam. Selfs met "slegs" 23% van alle Weermagslede besmet, word die gevegsparaatheid van die Weermag ernstig ondermyn. Daar is al beweer dat tot soveel as 400 000 werksdae per jaar deur die SANW verloor word as gevolg van die pandemie. Die aanwendbaarheid van SANW-eenhede in vredesmagoperasies word ook benadeel, want volgens Verenigde Nasies (VN)-riglyne mag weermagpersoneel wat MIV-positief is, nie aan VN-vredesmagoperasies deelneem nie.<sup>17</sup>

## 6. RASIONALISASIE

Bogenoemde probleme/uitdagings kan uiteraard die moreel van die SANW nadelig beïnvloed. Tog wil dit voorkom of die moreel van die weermag oor die algemeen relatief gesproke hoog is. Rasionalisasie is uiteraard 'n ander faktor wat enige weermag se moreel kan aantast.<sup>18</sup> Uit die statistiek wat in onderafdeling 2 van die vorige artikel verskaf is, is dit duidelik in welke mate die SANW in die jare 1994 tot 2004 verder besnoei is, sowel in terme van personeel as toerusting; dit is, nadat

<sup>15</sup> **SA Vloot Info Bulletin** 28/00, 21 September 2000; **Die Volksblad**, 20 September 2000, p. 2; **Beeld**, 11 Julie 2000, p. 1, 10 November 2000, p. 7 en 17 Oktober 2000, p. 7.

<sup>16</sup> Kyk bv. L Grundlingh, "Government responses to HIV/AIDS in South Africa as reported in the media, 1983-1994", **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal** 45, November 2001, pp. 124-53.

<sup>17</sup> Kyk bv. SABC TV3-nuusbulletin, 19h00, 2 Augustus 2004; L Heinecken, "Facing a merciless enemy: HIV/AIDS and the South African armed forces", **Armed Forces & Society** 29(2), 2003, pp. 281-300; E van der Ryst *et al.*, "HIV/AIDS-related knowledge, attitudes and practices among South African military recruits", **South African Medical Journal** 91(7), Julie 2001, pp. 587-91; M Fleshman, "AIDS prevention in the ranks: UN targets peacekeepers, combatants in war against the disease", **Africa Recovery** 15(1-2), Junie 2001, pp. 16-8; radio-nuusberigte, 17 Augustus 2004.

<sup>18</sup> Kyk in die algemeen bv. R Ferreira, "Rationalization: an ambivalent process in the South African Army", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 28(2), September 2003, pp. 124-52; LB van Staden, "Rationalisation in the SANDF: the next challenge", **African Security Review** 6(2), 1997, pp. 37-44.

die ou SAW reeds in die jare 1990 tot 1994 gerasionaliseer is. Wanneer 'n weermag in reële terme minder geld ontvang in die verdedigingsbegroting, beteken dit noodgedwonge 'n vermindering van personeel<sup>19</sup> en/of toerusting<sup>20</sup> (en dienooreenkomstig basisse) - in die geval van die SANW in die loop van die afgelope dekade, inkortings op alle terreine. Vanaf 2005 sal die SAV (danksy die wapenpakket - kyk onderafdeling 7, **infra**) vier nuwe "patrolliekorvette" (fregatte) en drie nuwe duikbote in diens stel, maar in die interim beskik die Vloot vir die periode 2003 tot 2005 vir die eerste keer sedert die middel van 1970 oor geen duikbootvermoë nie, het dit vir alle praktiese doeleindes geen mynveegvermoë meer nie, is een van die twee gevegsteunvaartuie op 30 Julie 2004 aan diens onttrek ten einde personeel vir die bemanning van die nuwe fregatte beskikbaar te stel, neem die getal skepe in diens af (hoewel die slaanekrag vanaf 2005 verhoog sal word) en is die Vlootbasis in Durban tot 'n Vlootstasie afgeskaal.<sup>21</sup> Die SALM sukkel om opgeleide personeel (in besonder vlieëniers) te behou, en hoewel nuwe Gripen- en Hawk-straalvliegtuie, asook Augusta- en Lynx-helikopters aangekoop word, neem die totale getal vliegtuie en helikopters in diens af. Wanneer SANW-personeel en -toerusting in Afrika as deel van vredesmagte ontplooi word, word toenemend van privaat-vragvliegtuie gebruik gemaak om die vervoerwerk te verrig, want die SALM beskik nie oor die aantal en grootte vragvliegtuie om die werk te doen nie. Die wapenpakket is primêr daarop gemik om die SALM en SAV se vermoëns (oënskynlik) te vergroot; of eerder om dit op 'n manier te probeer handhaaf. Intussen verouder die Leër se toerusting en indien dié probleem nie binne die volgende paar jaar aangespreek gaan word nie, sal dit die land se vermoë om aan vredesmagoperasies deel te neem, kortwiek.<sup>22</sup>

'n Verdere nadelige gevolg is die verlies aan kundigheid. Bekwame personeel wat goed opgelei is en wat graag 'n professionele loopbaan in die Weermag wou volg, verlaat uiteindelik die diens op grond van finansiële oorweegredes en/of omdat hulle nie meer dít kan doen wat hulle graag wil doen nie (byvoorbeeld heelwat vliegure opbou) en/of omdat sogenaamde regstellende aksie sommige mense se loopbaanmoontlikhede benadeel. Onsekerheid in verband met die toekoms van die

<sup>19</sup> Kyk bv. **Die Volksblad**, 7 Maart 1997, p. 1 en 19 Julie 1997, p. 7; **The Mercury**, 27 Februarie 1997, p. 2 en 20 Januarie 1998, p. 1; "Former guerrillas will go in SANDF down-sizing", **Southern Africa Report** 17(49), 10 Desember 1999, pp. 5-6; "Fears of SANDF's 'middle management' loss", **Southern Africa Report** 17(24), 18 Junie 1999, pp. 6-7.

<sup>20</sup> Kyk bv. **Die Volksblad**, 8 November 1995, p. 6; **Rapport**, 3 November 1996, p. 7; **The Mercury**, 22 Oktober 1999, p. 2.

<sup>21</sup> Kyk bv. **Navy News** 23(1), 2004, pp. 14-8 en 23(2), 2004, p. 2; **Sunday Argus**, 1 Augustus 2004, p. 4.

<sup>22</sup> Kyk in die algemeen bv. **The Mercury**, 4 Maart 1997, p. 1; **Die Volksblad**, 22 Junie 1996, p. 7, 10 November 1997, p. 8 en 1 Julie 1998, p. 1; N Allie, "Battle with the budget in order to break even", **Salut** 6(1), Januarie 1999, pp. 26, 28.

kommando-eenhede skep ook verwarring, al word beplan om die kommando's op te neem in 'n nuwe struktuur wat die polisie sal bystaan in misdaadbekamping.<sup>23</sup>

## 7. DIE WAPENPAKKET

Sedert 1994 staan die regering nie noodwendig onverskillig teenoor landsverdediging nie: daar is soveel sake in die land wat aandag (en geld) verg, dat verdediging bloot nie altyd 'n hoë prioriteit geniet (het) nie. Die nuwe regering het wel ernstig debat gevoer oor die toekomstige grootte, struktuur en doel van die SANW - kyk in hierdie verband byvoorbeeld die aanloop tot en daarstel van 'n witskrif oor verdediging (1996) en die verdedigingsoorsig van 1998.<sup>24</sup> Hieruit het onder meer die wapenpakket voortgevloei. Na jare van besorgdheid oor wapentuig wat verouder, het die weermag se leierskorps daarin geslaag om die politici, en in besonder die kabinet, te oortuig dat sekere wapen-items aangekoop moes word ten einde sekere Weermagsdele van ondergang te red en te verhoed dat die RSA se veiligheid (verder) gekompromitteer word. In die lig van die ou SAW se betrokkenheid by die stryd in Namibië en later ook in Angola (1966-89) - 'n oorlog wat grootliks deur grondmagte gevoer is - is die SA Leër in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu uitgebrei en van talle nuwe wapenstelsels (asook 'n groot verskeidenheid nuwe vragmotors en ander voertuie) voorsien. Kyk byvoorbeeld die Ratel-infanteriegevegsvoertuie, G-5- en G-6-artilleriesels en Rooikat-pantserkarre. Aangesien die SALM 'n belangrike ondersteunende rol in genoemde oorlog gespeel het, is die SALM se vliegtuie en helikopters so ver as moontlik plaaslik opgegradeer - die Mirage III's wat tot Cheetahs omgebou is en die Puma-helikopters tot Oryx'e dien as voorbeeld. As gevolg van die verpligte VN-wapenboikot van 1977, kon nuwe vliegtuie en helikopters immers nie aangekoop word nie. Van al die Weermagsdele het die SAV die slegste daarvan afgekom - in besonder versimboliseer deur die onttrekking van die Vloot se laaste fregat in 1985.

Hoewel die SA Leër ook binne die volgende dekade nuwe toerusting benodig (byvoorbeeld tenks en infanteriegevegsvoertuie) is besluit om aanvanklik die dringendste behoeftes van die SALM en SAV aan te spreek. Daar is gevolglik op 19 November 1998 aangekondig dat die kabinet die vorige dag 'n wapenpakket vir

<sup>23</sup> Kyk bv. **This Day**, 20 Julie 2004, p. 2; **Beeld**, 23 Desember 2003, p. 14; "Citizen force slashed to fund arms sales", **Southern Africa Report** 18(15), 14 April 2000, pp. 11-2; L Engelbrecht, "Hue and cry of 'abolishing' SANDF commando force", **African Armed Forces Journal**, Februarie 2003, pp. 12-3; R Jankielsohn, "More debate needed on the role of the territorial reserves", **African Armed Forces Journal**, Oktober 2003, pp. 9-10; "Secrecy over commandos' disbandment denounced", **Southern Africa Report** 22(20), 23 Julie 2004, pp. 4-5.

<sup>24</sup> **Defence in a democracy: draft white paper on national defence for the Republic of South Africa, 21 June 1995 (s.l., s.a.); Defence in a democracy: South African white paper on defence as approved by parliament, May 1996 + South African defence review as approved by parliament, April 1998 (Pretoria, s.a.).**



die aankoop van die volgende items goedgekeur het: 28 Sweedse BAe/Saab Gripen-spuitsvliegtuie, insluitende nege tweesitplek-opleidingsvliegtuie (om die oorblywende Cheetahs te vervang), 24 gevorderde Britse BAe Hawk-opleidingsvliegtuie (om die oorblywende Impala Mk.I's en Impala Mk.II's te vervang), 30 Italiaanse Agusta A-109 ligte helikopters (om die oorblywende Alouette III's te vervang), drie Duitse "209"-klas (Tipe 1400M) duikbote (om die drie bestaande "Daphné"-klas duikbote te vervang), vier Duitse Meko A-200 "patrolliekorvette" (fregatte; om die leemte aan fregatte te vul en die oorblywende missieldraende aanvalsvaartuie te vervang) en vier Britse Agusta-Westland Super Lynx 300 duikbootjaghelikopters (om aan boord van die nuwe fregatte ontplooi te word). In 1998 was die totale waarde van die wapenpakket sowat R30 000 miljoen.<sup>25</sup>

Die wapenpakket was van meet af aan in omstredenheid gedompel, hoofsaaklik weens die hoë koste daaraan verbonde en bewerings van onreëlmatighede ten opsigte van die tender- en aankoopprosedures. Beide hierdie kwessies verdien om in besonderhede verder nagevors te word, maar val buite die bestek van hierdie oorsigstudie van die SANW se geskiedenis vanaf 1994 tot 2004. Binne laasgenoemde konteks word volstaan deur te sê dat hoewel die wapenpakket die ernstigste leemtes in die SANW se mondering vul, dit nog glad nie al die behoeftes bevredig nie. Die nuwe wapentuig (wat alles eers ná 2004 in bedryf gestel gaan word) sal weliswaar die SANW se slaankrag (en belangriker nog: afskrikingspotensiaal) vergroot en dit sy posisie as die sterkste weermag in sub-Sahara Afrika laat behou (naas Egipte, relatief gesproke dié sterkste weermag in Afrika), maar in die lig van die geweldige rasionalisasie vanaf 1990, bly die SANW 'n klein weermag. Ideaal gesproke moes ongeveer 48 Gripens, 36 Hawks, 50 Agustas, vyf fregatte en tien Super Lynx'e bekom word (drie duikbote is 'n voldoende minimumvereiste, met vier die ideaal).

Hoewel die nuwe vliegtuie en helikopters relatief gesofistikeerd is tot die verouderde tipes wat hulle gaan vervang, word die bestaande vliegtuie en helikopters nie op 'n een-tot-een-grondslag vervang nie en gevolglik krimp die totale getal vliegtuie en helikopters wat in diens is. Verder moet die SALM ook meer vragvliegtuie (verkieslik agt of meer Airbus A400M's), ten minste vyf nuwe vroeëwaarskuwings/bevels/in-vlug-herbunkeringvliegtuie en ten minste vyf nuwe marietieme patrollievliegtuie bekom. Die SAV benodig ten minste vier nuwe mynveërs en twee skepe wat (byvoorbeeld vir vredesmagoperasies) vir die vervoer en landing van soldate en voertuie gebruik kan word, asook twee skepe (in plaas van een) wat vir brandstofaanvulling gebruik kan word. Ideaal gesproke moet die Vloot ook steeds oor 'n aantal patrolliebote beskik vir kuspatroliering. Dit sou sinvol gewees

<sup>25</sup> **Die Volksblad**, 19 November 1998, p. 1 en 21 November 1998, p. 9; **Beeld**, 19 November 1998, p. 1.

het om ten minste vyf van die missieldraende aanvalsvaartuie vir dié doel te behou - gestroop van missiele, maar met behoud van die voorste 76 mm-kanon en die ligter kanonne. Dit bly ook 'n ope vraag waarom die Antarktiese voorradeskip, **S.A. Agulhas**, en die een nuwe groot en drie nuwe kleiner patrolliebote van die Departement van Omgewingsake en Toerisme, nie onder die Vloot se beheer geplaas kan word nie. Maar dan moet diensooreenkomstig ook meer geld vir die maritieme verdediging van die land beskikbaar gestel word, sodat die skepe behoorlik in stand gehou, van personeel voorsien en aangewend kan word.

Ten einde die nuwe gesofistikeerde wapens in bedryf te stel, suksesvol in stand te hou en aan te wend, word uiteraard ook voldoende fondse benodig - dus ook fondse om bekwame personeel op te lei en vir die Weermag te behou. Dit is ook gebiedend noodsaaklik dat die standaard van opleiding geensins sal verlaag nie - kyk weer na van die sake waarna in onderafdeling 4 hierbo verwys is.

## 8. DIE RSA/SANW EN DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

Die aankoop van nuwe wapentuig vanuit die buiteland is moontlik gemaak deurdat die RSA - en dus ook die land se Weermag - sedert 1994 weer volwaardig deel van die internasionale gemeenskap geword het. Die nuwe politieke bedeling het naamlik tot die normalisering van die land se internasionale verhoudinge gelei. Ook vir die SANW hou dít baie voordele in. Vir die eerste keer sedert die middel van die sewentigerjare kan Suid-Afrikaanse Weermagpersoneel openlik kursusse in die buiteland bywoon en sedert 1994 kom buitelandse weermagpersoneel (veral uit Afrikastate) openlik na die RSA om opleiding te ondergaan. Buitelandse weermagte gebruik deesdae ook Suid-Afrikaanse opleidingsterreine (soos Lohatla) vir oefeninge en daar vind gereeld oor-en-weer-besoeke deur senior militêre personeel plaas.<sup>26</sup> Die SANW speel in hierdie verband dus 'n baie belangrike diplomatieke rol. Hier moet ook in besonder melding gemaak word van die vlagvertoonvaarte wat reeds voor, maar veral sedert, 1994 deur die SAV se oorlogskepe (in hul hoedanigheid as grys diplomate) onderneem is. In die periode April 1994 tot April 2004 het die SAV nie minder nie as 21 sodanige vaarte onderneem,<sup>27</sup> terwyl 'n groot aantal buitelandse oorlogskepe in dié tydperk ook welwillendheidsbesoeke aan Simonstad en ander Suid-Afrikaanse hawens gebring het<sup>28</sup> - iets wat vanaf ongeveer 1975 tot 1994 selde gebeur het.

<sup>26</sup> Kyk bv. **The Star**, 1 Julie 1997, p. 5; **Die Burger**, 3 Julie 1997, p. 7; **Beeld**, 3 Julie 1997, p. 2, 27 April 1999, p. 6 en 31 Oktober 2003, p. 16; **Volksblad**, 19 Julie 2003, p. 3; **Citizen**, 30 Augustus 2002, p. 1; **Pretoria News**, 19 Julie 2003, p. 2.

<sup>27</sup> Kyk bv. A Wessels, "Onwaarskynlike ambassadeurs: vlagvertoonvaarte deur Suid-Afrikaanse oorlogskepe, 1922-2002", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 27(3), Desember 2003, pp. 72-8.

<sup>28</sup> Kyk bv. **Navy News** 13, Augustus 1994, p. 4; 14, Januarie-Februarie 1995, p. 4; 14, April 1995, p. 9; 15, Maart 1996, p. 16; 15, Junie-Julie 1996, p. 13; 16(5), 1997, pp. 4-5; 17(1), 1998, pp. 8-9; 18(10), 1999, p. 20; 19(6), 2000, p. 34; 20(1), 2001, p. 12; 20(3), 2001, p. 10; 21(3), 2002, p. 17;

## 9. IDENTITEITSKRISIS?

Daar behoort geen identiteitskrisis in die SANW te wees nie. Na afloop van die militêre betrokkenheid in Namibië en Angola, en die gevolglike rasionalisasie, kon tereg gevra word: Wat nou? Waarheen met die SANW? Die eenvoudige korrekte antwoord hierop is dat dit die taak van enige professionele weermag is om die gebiedsoewereiniteit van dié bepaalde weermag se land te beskerm - iets wat ook duidelik in die grondwet van Suid-Afrika gestel word.<sup>29</sup> Daarvoor benodig 'n land 'n klein dog gesofistikeerde, goed opgeleide, goed gedissiplineerde, goed bewapende professionele weermag. 'n Weermag is deel van 'n land se assurancesepolis. Soos 'n brandweerstasie en ander nooddienste, is die ideaal dat dit nooit gebruik hoef te word nie, maar indien daar 'n krisis is, moet dié dienste bestaan om ontplooi en aangewend te word. Soos in onderafdeling 8 hierbo verduidelik, het die SANW wel ook 'n belangrike diplomatieke rol (en die SANW vertolk dié rol baie goed). Daarbenewens word dit vir grensbeheer aangewend ten einde die invloed van onwettige immigrante te probeer keer. Indien nodig kan die SANW ook vir die handhawing van binnelandse veiligheid aangewend word.<sup>30</sup> Laasgenoemde is egter 'n omstrede kwessie, veral in die lig van die ou SAW se ontplooiing in swart woongebiede in die tagtigerjare om, binne die apartheidskonteks, wet en orde te probeer handhaaf. Streng gesproke behoort die SANW nie in 'n paramilitêre of polisieerol aangewend te word nie - daarvoor is daar die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). Laasgenoemde behoort eerder uitgebrei te word ten einde binnelands wet en orde beter te kan handhaaf.

## 10. VREDESMAGOPERASIES

Sedert 1994 het 'n ander belangrike potensiële rol vir die SANW na vore getree, naamlik vredesmagoperasies. Volgens die gesaghebbende International Institute for Strategic Studies in Londen, het 10 396 000 mense wêreldwyd vanaf 1945 tot 1994 in konflik gesterf; byna die helfte van hulle in 21 konflikte in Afrika: 4 180 000 in sub-Sahara-Afrika en 206 000 in Noord-Afrika. Sedert 1995 was of is daar steeds gewapende konflik in ten minste 28 Afrikastate, wat tot die dood van ten minste twee miljoen mense aanleiding gegee het: met die uitsondering van sowat 87 000

---

21(4), 2002, pp. 7, 15; 21(5), 2002, pp. 10, 16; 22(3), 2003, p. 7; 22(5), 2003, p. 10; **The Mercury**, 20 September 1996, p. 2; 21 Januarie 1998, p. 6; 1 April 1999, p. 3; 7 April 2000, p. 4; 5 Februarie 2003, p. 6; 10 Februarie 2003, p. 3.

<sup>29</sup> Kyk Artikel 200 van **Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (s.l., s.a.)**.

<sup>30</sup> Kyk bv. B Haefele, "The role of the South African National Defence Force (SANDF) in internal security", **Strategic Review for Southern Africa** 20(1), Mei 1998, pp. 41-57.

dooies in Algerië, almal suid van die Sahara, in besonder in Angola, Burundi, Rwanda, die Soedan en Somalië.<sup>31</sup>

In die lig van die New Partnership for Africa's Development (NEPAD) en die oproepe om 'n Afrika-Renaissance, is dit te verstane dat die Afrika-Unie (AU) wil erns maak met die oplos van konflik in Afrika, en in hierdie verband ten gunste is van vredesmagoperasies en ook die daarstel van 'n Afrika-vredesmag.<sup>32</sup> Daar was ook reeds vroeër oproepe vir die totstandbrenging van 'n snelontplooiingsmag vir Afrika om in konfliksones in te gryp.<sup>33</sup> Reeds vanaf sy ontstaan in 1994 het die nuwe SANW begin voorberei vir moontlike deelname aan vredesmagoperasies, onder meer deur aan vredesmagoefeninge met ander lande deel te neem. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld Exercise Blue Hungwe (Oefening Blou Arend) waaraan agt lande in 1997 in Zimbabwe deelgeneem het,<sup>34</sup> en Exercise Blue Crane (1999) waaraan al die elemente van die SANW deelgeneem het, tesame met soldate van talle Afrikalande en oorlogskepe van Frankryk en Indië, waartydens vredesmagoptrede inge oefen is.<sup>35</sup> Tot dusver het SANW-lede aan 'n vredesoperasie in Burundi deelgeneem (in 2005 steeds daarby betrokke), asook aan VN-vredesmagoperasies in die Demokratiese Republiek van die Kongo (die VN se MONUC-mag; in 2005 steeds daarby betrokke) en in Ethiopië en Eritrea (slegs enkele persone, as deel van die VN se UNMEE-mag).<sup>36</sup> Die ontplooiing van SANW-lede geskied nie altyd sonder haakplekke nie. Aangesien die SALM nie oor voldoende (of groot genoeg) vragvliegtuie beskik wat 'n groot aantal soldate, uitrusting en toerusting oor lang afstande kan vervoer nie, moet van privaat vragvliegtuie gebruik gemaak word; dít, asook die bevoorrading en addisionele vergoeding van personeel het groot finansiële implikasies en boonop is nie alle Weermagslede gretig om buite die RSA diens te doen nie.<sup>37</sup> Die hoë vlak van MIV/VIGS in die SANW (kyk weer onderafdeling 5, **supra**) beteken ook dat baie SANW-lede nie aan VN-vredesmagoperasies mag deelneem nie.

Die mees omstrede vredesmagoperasie (lees: oorgrensoperasie) waaraan die nuwe SANW in sy eerste tien jaar van bestaan deelgeneem het, was Operasie Boleas

<sup>31</sup> Kyk die los kaart met tabelle en statistiek in **The military balance 2002-2003** (Londen, 2002).

<sup>32</sup> Kyk bv. E Harsch, "Africa builds its own peace forces", **Africa Recovery** 17(3), Oktober 2003, pp. 1, 14-20; V Kent en M Malan, "The African standby force: progress and prospects", **African Security Review** 12(3), 2003, pp. 71-81.

<sup>33</sup> Kyk bv. oproep deur A Wessels, "n Snelontplooiingsmag vir Afrika: enkele historiese perspektiewe", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 28(1), Junie 2003, pp. 1-15.

<sup>34</sup> **Die Volksblad**, 9 April 1997, p. 7.

<sup>35</sup> N Allie, "Exercise Blue Crane ... strengthened the capability to participate in peace support operations", **Salut** 6(6), Junie 1999, pp. 18-21; **Navy News** 18(4), 1999, pp. 10-5; **The Mercury** 14 April 1999, p. 7 en 23 April 1999, p. 1; **The Daily News**, 14 April 1999, p. 1.

<sup>36</sup> **The military balance 2003-2004**, p. 224.

<sup>37</sup> Kyk bv. L Engelbrecht, "South African Defence Minister Lekota reads the riot act", **African Armed Forces Journal**, Julie 2003, pp. 16-7.

saam met lede van die Botswana Defence Force (BDF) in Lesotho, 1998-2000. Die fynere besonderhede van hierdie operasie is nie vir die doeleindes van hierdie studie van belang nie (en moet in elk geval nog behoortlik nagevors en te boek gestel word), en daar word ook nie op die politieke wenslikheid al dan nie van die militêre ingryping ingegaan nie. Daar word gevolglik dus met enkele opmerkings volstaan. Toe daar die moontlikheid van 'n staatsgreep in Lesotho was, het dié land se regering hul op die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG; beter bekend as die Southern African Development Community, SADC) beroep. Die regerings van Suid-Afrika en Botswana het aan die oproep gehoor gegee en op 22 September 1998 het die eerste SANW-troepe die grens na Lesotho oorgesteek. Anders as wat in sommige kringe geglo is, is die soldate nie noodwendig as vredemakers verwelkom nie, opstandelinge het meer weerstand gebied as wat verwag is (18 opstandelinge en nege SANW-lede is dood), en oproeriges het brandstigting gepleeg. Binne enkele dae het die SANW en BDF egter die situasie onder beheer gekry, en met verloop van tyd is wet en orde herstel. Die laaste ongeveer 400 Suid-Afrikaanse en 376 Botswana-soldate is op 15 Mei 1999 aan Lesotho onttrek, hoewel nog sowat 200 BDF- en 100 SANW-lede vir 'n jaar lank in Lesotho gebly het om opleiding aan die plaaslike leer te verskaf.<sup>38</sup> Operasie Boleas was die SANW se eerste militêre operasie. Dié vuurdoop het talle probleme geopenbaar, maar hopelik is die lesse ter harte geneem - ook deur politici.

'n Klein land soos Oostenryk, met 'n klein weermag, het sedert 1960 'n besondere bydrae tot VN-vredesmagoperasies gelewer.<sup>39</sup> Daar is dus geen aanvaarbare rede waarom 'n streeksmoondheid soos die RSA, met 'n relatief groot en goed toegeruste weermag, nie veral in die Afrika-konteks 'n besondere bydrae tot VN- en ander vredesmagoperasies kan en moet lewer nie. Sonder om ooit die primêre fokus - naamlik die verdediging van die RSA - uit die oog te verloor, kan die konsentrasie op vredesmagoperasies opleiding in die SANW bevorder, Weermagslede doelgerig laat werk en moreel versterk, terwyl dit tegelykertyd die RSA se rol in Afrika verder kan uitbou, aansien internasionaal kan verhoog en die bestaande militêre en ander bande met talle lande kan versterk.

<sup>38</sup> Kyk bv. **Cape Times**, 23 September 1998, pp. 1, 3-4; **Die Burger**, 24 September 1998, pp. 1-3, 12-3 en 26 September 1998, pp. 1-2, 12; **Die Volksblad**, 28 September 1998, pp. 1-2 en 29 September 1998, pp. 1-3; **The Mercury**, 23 September 1998, pp. 1-2 en 24 September 1998, pp. 1-2; T Sutton-Pryce *et al.*, "Baptism of fire for SANDF ... as it marches into the pages of history" en G Thiar, "They made the supreme sacrifice ... as the SANDF passed the acid test", **Salut** 5(11), November 1998, pp. 26-8 en 28-9; **Sowetan**, 30 April 1999, p. 2 en 18 Mei 1999, p. 10; **Business Day**, 19 Mei 1999, p. 14; verskeie TV- en radio-nuusbulletins; JS Kotze, "Some unresolved military ethical dilemmas at the turn of the century: an introspective look at South Africa's recent military history", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 27(3), Desember 2003, pp. 178-81.

<sup>39</sup> Kyk bv. EA Schmidl, **Im Dienste des Friedens: die österreichische Teilnahme an Friedensoperationen seit 1960/In the service of peace: Austrian participation in peace operations since 1960** (Graz, 2001).

## 11. SLOTPERSPEKTIEWE

Ten tyde van die tiende herdenking van ware demokrasie in Suid-Afrika, het die Hoof van die SANW, genl. Siphwiwe Nyanda, onder meer daarop gewys dat in sy eerste tien bestaansjare die SANW suksesvol getransformeer is van 'n gevegsmag na 'n vredesmag - wat nou ook 'n belangrike vredesmagrol in Afrika vervul. Hoewel daar groeipyne was, is die integrasieproses (van agt weermagte, militêre vleuels of eenhede) suksesvol voltooi. Volgens hom is die grootste uitdagings waarvoor die SANW nou (2004) te staan kom die dooie hout waarvan ontslae geraak moet word (hopelik sal die hoë ouderdom van die gemiddelde voetsoldaat ook in dié proses opgelos word); om personeel wat die Staandemag verlaat vir diens in die Reserwemag te behou; te verseker dat die SANW op sy sleuteltake konsentreer (landsverdediging en vredesmaghulp in Afrika) en polisiëringwerk aan die SAPD oorlaat; om vervalle Weermaggeboue op te knap en met verloop van tyd nuwe toerusting vir die SA Leër aan te koop.<sup>40</sup> In 2004 kan veel meer Suid-Afrikaners hul met die SANW identifiseer as wat die geval in 1994 was; om van die haat wat daar in sommige geleedere vroeër teen die ou SAW was, nie eens te praat nie. Die SANW se klem op dienslewering aan die hele RSA het inderdaad vrugte afgewerp.

Etlike jare gelede het die destydse Adjunkminister van Verdediging, mnr. Ronnie Kasrils, reeds daarop gewys dat een van die grootste uitdagings waarvoor die nuwe SANW te staan gekom het, was om die politici en publiek te oortuig dat, hoewel die RSA nie tans enige konvensionele bedreiging die hoof moet bied nie, die land wel 'n goed toegeruste Weermag benodig. Hierin het die Weermag tot 'n groot mate geslaag en word suksesvol gewerk aan die skep van 'n nuwe militêre kultuur en etos. Deur prakties te bewys dat die Weermag ernstig is omtrent transformasie, en aan te dui dat 'n weermag belangrik is vir ekonomiese vooruitgang en vir die beeld en posisie van die land (byvoorbeeld as streeksmoondheid), is die Weermag op die voorpunt van verandering in die RSA.<sup>41</sup>

Groot bedrae geld wat aan die Weermag bestee word, in besonder die wapenpakket (kyk weer onderafdeling 7, *supra*), bring telkens weer die "kanonne-versus-botter-debat" na vore. Die vooraanstaande joernalis en akademikus Leopold Scholtz wys tereg daarop dat 'n keuse tussen kanonne en botter vals is, en dat die staat se finansiële prioriteite eerder só gebalanseer moet word dat daar sowel geld vir die Weermag (landsverdediging) as vir die bou van huise en skole, opheffing van agtergeblewenes, asook vir die bestryding van misdaad sal wees. Die feit dat die RSA tans geen konvensionele bedreiging ervaar nie, beteken nie dat dit oor tien,

<sup>40</sup> **Volksblad**, 30 April 2004, p. 9.

<sup>41</sup> **Sunday Times**, 21 Julie 1996, p. 23.

twintig jaar of langer steeds die geval sal wees nie. Die SANW is dus 'n belangrike nasionale versekeringspolis vir die RSA, soveel te meer omdat die land 'n rol te speel het in die oplos van konflikte buite ons grense (ten einde te verhoed dat die nadelige gevolge van konflik na ons oorspoel) en omdat die land se ekonomie tot 'n groot mate van in- en uitvoere deur hawens geskied. Maritieme verdediging is dus ook van groot belang.<sup>42</sup>

Soos enige assuransiepolis kos ook verdediging geld. Die afgelope sowat vyftien jaar het die staat se besteding aan verdediging dramaties afgeneem. In 1988 het dit ongeveer 4,7% en in 1989 sowat 4,5% van die land se bruto nasionale produk (BNP) beloop; in 1990 was dit 4,1%, in 1994 2,7%, in 1995 2,2%, in 1996 1,6% en in 2004 1,5%. Hierdie toedrag van sake bekommer die Departement van Verdediging, die SANW en verdedigingsanaliste. Die Minister van Verdediging, mnr. Mosiuoa Lekota, wys tereg daarop dat die SANW se strategies-belangrike vredesmagrol in Afrika die bestaande verdedigingsbegroting onder groot druk plaas en beteken dat daar op opleiding van personeel en instandhouding van toerusting bespaar moet word - iets wat die SANW reeds nie kan bekostig nie. Hy sou die begroting graag geleidelik wil sien styg tot ongeveer 2% van die BNP. Dit is egter steeds veel minder as die gemiddelde 2,6% internasionaal.<sup>43</sup>

Suid-Afrika benodig 'n relatief klein, goed opgeleide, goed toegeruste, gedissiplineerde professionele weermag, wat as 'n duur dog noodsaaklike veiligheids-assuransiepolis vir die land en al die RSA se inwoners kan dien, 'n simbool van trots wat met vertroue aan vredesmagoperasies kan deelneem, en met genoeg opgeleide reserwes waarop in krisissomstandighede teruggeval kan word. Die ideaal is dat die Weermag so ver as moontlik beheer oor sy eie sake sal behou. Privatisering, byvoorbeeld van die Simonstadse Vlootskeepswerf,<sup>44</sup> mag op die kort termyn finansiële voordelig wees, maar ervaring in lande soos Australië, Nieu-Seeland en Kanada het getoon dat dit op die lang termyn nóg finansiële nóg in terme van operasionele behoeftes altyd voordelig is. 'n Land se sekuriteit behoort nooit geprivatiseer te word nie. Rasseklassifikasie behoort ook nie 'n bepalende faktor te wees wanneer 'n land se veiligheid ter sprake is nie. Daarom moet die Weermag so gou as moontlik transformeer na 'n toestand waar persone suiwer op grond van meriete aangestel en bevorder sal word. Die SANW gaan immers binnekort oor heelwat nuwe wapenstelsels beskik wat hoogs gespesialiseerde personeel vereis ten einde dit in stand te hou en aan te wend.

<sup>42</sup> **Die Volksblad**, 19 Julie 1996, p. 7.

<sup>43</sup> Kane-Berman (hoofred.), p. 460; **Sunday Times**, 21 Julie 1996, p. 3 en 13 Junie 2004, p. 17; **Race relations survey 1994/5** (Johannesburg, 1995), p. 154. Afhangende van presies hoe die BNP bereken word, verskil die persentasies.

<sup>44</sup> Kyk bv. **Navy News** 22(2), 2003, p. 2.

Met inagneming van die politieke eise ten opsigte van sogenaamde "regstellende aksie", is die SANW waarskynlik een van die organisasies wat die afgelope tien jaar die meeste - en suksesvolste - in die land getransformeer is, nie slegs ten opsigte van die organisasie se rassamestelling nie, maar ook wat betref die strukture en aanwending. Soos uit hierdie oorsigtelike studie blyk, was daar talle probleme en is daar steeds talle uitdagings wat aandag verg, maar in die geheel gesien het die SANW die afgelope tien jaar baie sukses behaal; trouens, die Weermag is 'n suksesverhaal en behoort in die toekoms steeds 'n besondere bydrae te lewer tot die uitbou van die RSA en tot die Afrika-Renaissance.